VILLA BULLETIN 9

Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village *Nr 9 Julie/July 2019*

Inligtingsessie (kyk ook elders in Bulletin)

Onlangse probleme wat met watertoevoer ondervind is

Die voorsitter van die Raad van Direkteure (direksie), Johan Coetzee, het by 'n onlangse inligtingsessie ondermeer na die waterprobleme verwys wat onlangs ook deur Bougainvilla ondervind is.

Die onlangse onderbrekings van 30 uur in die watertoevoer is veroorsaak deur die Metroraad wat 'n toevoerpyp beskadig het. Nadat dit herstel is het die groot drukking pype in die oord beskadig (dis elke keer die geval.) Om dit te voorkom gaan die oord 'n drukklep installeer waarmee die inkomende waterdruk beheer kan word. Verdere uitdagings is dat sand en klippies die toedraai van kleppe bemoeilik en dat hierdie probleem aangespreek word deur 'n sif (strainer) saam met die drukklep in te sit. Dis 'n moeilike proses omdat die kleppe ongeveer twee meter onder die grond is.

Watertenks

Twee watertenks vir gebruik deur die kombuis en sorgsentrum is onlangs geïnstalleer.

Die watertoevoer deur die Metroraad word deurlopend gesirkuleer en vars water is dus in noodtoestande beskikbaar. Hierdie stelsel was in werking tydens die onlangse wateronderbrekings.

Waterverbruik

Bougainvilla se watertoevoer vanaf die Metro se opgaartenks kan ernstig aan bande gelê word deur die Raad se toevoerpype wat net nie die kapasiteit het om in die groeiende aanvraag in ons omgewing te voldoen nie. Daarom word hierdie saak fyn dopgehou.

Die waterverbruik in die oord word deurlopend gemoniteer. Direkteur Jan Buter het die gemiddelde syfers oor 26 weke bekendgestel. Daaruit blyk dit dat die gemiddelde verbruik per dag per maand wissel tussen 218 en 266 liter per dag per persoon. Dit is ver te veel as in gedagte gehou word dat 'n krisissituasie soos onlangs in Kaapstad dit tot 50 liter per persoon beperk het. Daar word beplan om aanvullende watermeters vir spesifieke areas in die oord te installeer om moontlike misbruik en waterlekke te identifiseer.

Toekomsvisie vir Bougainvilla

By dieselfde inligtingsessie het Jan Buter, direkteur vir die portefeulje kommunikasie en finansies, 'n toekomsvisie gedeel. Die doel daarvan was mense aan die dink te sit en so deelname van alle belanghebbendes te kry van wat hulle graag sou wou sien gebeur, soos en wanneer daar geld beskikbaar is.

Lees verder hieroor op bladsy 3

Lees en bêre hierdie Bulletin (nommer 9)

Inligting hierin vervat kan handig te pas kom. Liasseer of hou dit op 'n veilige plek

Famous quotes

"Give sorrow words, the grief that does not speak knits up the over wrought heart and bids it break.

"To weep is to make less the depth of grief."

- *William Shakespeare*

Reaksie op verlies is woede. Dis die emosie. Die daad is aggressie (na buite) en depressie (na binne)

- *Kobus Anthonissen*

Ons het nie meer tyd oor om negatief te wees nie, die lewe is daar om geniet te word.

- *Syd Eckley*

Bron van Bulletin se inligting

Tensy anders vermeld is die inligting in hierdie Bulletin verkry uit amptelike bronne soos dokumente en byeenkomste en vergaderings wat in die Villa plaasgevind het.

Verslae en bladuitleg: Johann Lemmer

Stuur kommentaar aan lemmerj@mweb.co.za

INLIGTINGSESSIE

Voer van duiwe en ander voëls: boetes van tot R1000

Die voer van duiwe en ander voëls veroorsaak groot probleme en inwoners word ernstig gevra om geen kos vir voëls uit te sit nie. Vanweë die erns van die saak het die HEV geen ander opsie nie as om streng op te tree wat kan lei tot swaar boetes van tot ‘n duisend rand.

Duiwe versprei siektes

Duiwe wat by die dakkappe en op die boonste plafon van die dienssentrum en woonstelle nes maak hou ‘n ernstige gesondheidsgevaar in. Daar word binnekort stappe geneem om van die duiwe ontslae te raak en die plafonne onder die dakteëls skoon te maak. Daarna sal “foggers” met gifgas ingespan word om oorblywende kieme hok te slaan. Die probleme met duiwe wat in die geute kuier sal ook aandag geniet. Die laaste stap is om die opening onder die dak permanent toe te maak.

ANDER SAKE

Verf van woonstelblokke

Alle verfwerk wat aan die woonstelblokke gedoen word, sal teen die einde van September afgehandel wees. Dit sluit nie die verbindingsgange in nie. Dit sal gedoen word nadat krakies reggemaak is.

Plaveisel

Instandhouding van plaveisel in die oord is ‘n deurlopende proses. Daar word voorkeur gegee waar plaveistene uitstaan wat ‘n risiko inhou as mense daar oor loop en beweging van rolstoele of looprame bemoeilik. Die wit vlekke wat by sommige plaveiselstene voorkom asook op die rooi bakstene, word deur ‘n bindmiddel in die stene veroorsaak by die vervaardiging daarvan. Daar is ook genoem dat dié stene mettertyd disintegreer. Daar word oor die langtermyn aandag aan die saak gegee.

Inklaring en uitklaring

Daar is ‘n bepaalde prosedure wat gevolg moet word wanneer mense in en uittrek, Besonderhede kan by die kantoor gekry word.

Sorgsentrum, tuissorg en kombuis

Hierdie belangrike saak sal tydens ‘n spesiale inligtingsessie op 22 Augustus bespreek word. Dit begin om tweeuur die middag en inwoners word sterk aangeraai om dit by te woon. Vrae en kommentaar moet asseblief vooraf by die kantoor ingedien word.

Klagtestelsel

Inwoners kan enige saak wat vir hulle problematies is onder die aandag van die bestuur bring. Ten einde effektiewe aandag aan hierdie sake te gee is daar ‘n spesifieke proses wat gevolg moet word. Dit sal byvoorbeeld nie deug om ‘n klagte mondeling aan ‘n direkteur op die hoek van die straat aanhangig te maak nie. Alle klagtes moet skriftelik by die kantoor ingedien word. Dié inset kry ‘n nommer en word direk in die rekenaarstelsel ingevoer sodat die fasiliteitsbestuurders (Frik en Amos) daaraan aandag kan gee. Die oordbestuurder deel mee dat van die 650 klagtes wat tot op datum op die stelsel voorkom, net vier uitstaande is. Daar word dus deeglik aandag daaraan gegee. Eienaars het toegang tot die rekenaarstelsel en kan op die manier die vordering met die proses dophou.

Kyk op kennisgewingsbord oor hoe dit gedoen kan word.

Inwoners se besoekers

Inwoners en eienaars is verantwoordelik vir die gedrag van hul besoekers insluitend spoedbeperking.

Besoekers moet in afgebakende areas parkeer maar tydelike straatparkering word toegelaat.

Die gebruik deur besoekers van fietse, driewielfietse, skaatsplanke, rolskaatse, rugby- en sokkerballe, krieketballe en -kolwe, ensovoorts, op gemeenskaplike eiendom is streng verbode.

Besoekers, insluitende kinders en familie, word nie toegelaat om langer as vier weke in die aftree-oord te woon nie, tensy 'n skriftelike aansoek ingedien word en sodanige toestemming verkry is.

Alle besoekers, insluitende kinders en familie van die eienaars of inwoners, betree die aftree-oord op eie risiko. Nie die Huiseienaarsvereniging, direkteure, bestuursagent of die maatskappy kan aanspreeklik gehou word vir enige verlies, beserings of dood terwyl sodanige persone op die aftree-oord se terrein is nie.

Kinders moet te alle tye onder toesig wees.

- Leefstylgids

Opgradering van braaiarea en stoepe

Hierdie gedagtes is ‘n toekomsdroom vir die oord en geen beloftes word gemaak nie. Dis deel van bewusmaking en kommentaar en insette sal verwelkom word oor hoe inwoners ontwikkeling sal wil sien gebeur.

Belangrik: Dit sal nie ten koste van algemene onderhoud, veiligheid, sekuriteit plaasvind nie.

Opgradering van braaiarea

- Braaiarea opgradeer en uitbrei (een parkeerplek opoffer?),
- koffiewinkel en aangrensende tuinuitbreiding,
- wassery opgradering en
- onderdakbraaigeriewe,

Stoepe toemaak

Stoepe toemaak om lokale/plekke te kry waar die volgende aktiwiteite kan plaasvind (kyk ook na die kompetisie wat uitgeskryf is om name aan die stoepe te gee, besonderhede elders):

- Potspel (pool,)
- veerpyltjies,
- tafeltennis,
- bingo,
- stokperdjies,
- kaartspeletjies,
- rummikub,
- DVD- vertonings,
- filmvertonings,
- breigroepe,
- bybelstudiegroepe,
- pastorale kantoor,
- internetkafee,
- oefeninge met of sonder toerusting,
- lesings
- higiëniste
- oudioloë

Kiosk en Perk Up

Geniet koffie, koek en versnaperinge en gesels lekker in ons eie koffiewinkel

Kom ons dink aan moontlike straatname

Die huisnommers skep soms ‘n probleem omdat dit nie altyd in numeriese volgorde is nie. Straatname sal dié probleem van verwarring in ‘n groot mate uitskakel. Dit behoort ook te help met kommunikasie en sal gerieflik wees om inwoners se huise te vind sonder lang verduidelikings.

Inwoners word uitgenooi om 23 name vir die strate voor te stel (dit sal slegs vir interne gebruik en nie as posadres benut kan word nie). Die huisnommers bly dieselfde.
Dis nie nodig om ‘n kaart in te dien nie, maar slegs ‘n lys name. Inskrywingsvorms is by die kantoor beskikbaar.

Gevra: Insette vir direksie

Inwoners en ander eienaars word aangemoedig om insette en vrae van algemene belang onder die aandag van die Direksie te bring.
Skriftelike bydraes oor hoe die oord verbeter kan word moet die kantoor nie later nie as die voorafgaande Vrydag voor ’n geskeduleerde vergadering bereik.

Die datums is hieronder en bydraes kan tot die voorafgaande Vrydag vir hantering op die besondere vergadering ingedien word.

Maandag 19 Augustus 2019: Finansieskomitee; Direksie.

Donderdag 22 Augustus: 2019: Inligtingsessie oor voedselverskaffer en mediese sorg: 14:00

Dinsdag 17 September 2019: Finanasieskomitee; Direksie; Inligtingsessie 14:00

Dinsdag 15 Oktober 2019: Finansieskomitee; Direksie; Inligtingsessie: 14:00

Maandag 18 November 2019: Finansieskomitee; Direksie; Inligtingsessie: 14:00

Belangrike inligtingsessie oor Kombuis en Mediese Sorg

Donderdag 22 Augustus 2019
14:00 in die Saal

Indeling van die oord in vier areas

Die indeling van die oord in areas en blokke (kyk op die kennisgewingbord) hou verskeie voordele in soos:
- Meer doelgerigte kommunikasie,
- toepassing van veiligheidsmaatreëls
- straatbraaikennisgewings
- waterafsluiting,
- instelling van waterbeperkings per area byvoorbeeld

Hier is die indeling met name van die areabestuurders/ blokleiers (organigram op kennisgewingbord).

Area 1: Huisnommers 108 tot 202 (95 eenhede):
Danie Maree #164

Area 2: Huisnommers 203 tot tot 302 (94) eenhede):
Willem Botha #238

Area 3: Huisnommers 1 tot 107 plus 303 en 304 (109)
Casper Erasmus #58

Area 4: Woonstelle: Chris Höll (waarnemend)
Dis onderverdeel in blokke. Dit sal kommunikasie per verdieping van elke blok makliker maak.

Blok A1 2001 tot 2309 (36 woonstelle):
Pearl Nkosi

Blok A2 1112-1123;1212-1217; 1312-1317 (24) en

Blok A3: 1001 tot 1311 (38):
Antoinette du Plessis #1304

Blok B: 3001 tot 3301 (40): Andrew van den Berg #3102

Blok C: 4001 tot 4313 (52): Tommie Schmidt #5201
Blok D: 5001 tot 5312 (48): Elize Jacobs #5110

Daar is vir elke area ‘n areabestuurder en vir die woonstelle blokleiers (name hierbo)

Direkteur Chris Höll sê in die aanstellingsbrief:

“Die belangrikheid om ‘n oordkultuur te skep en die inwoners saam te snoer is een van die doelwitte. Kommunikasie is ‘n hoë prioriteit. Vanweë die grootte van die oord is dit geografies ingedeel met elk ‘n area bestuurder/blokleier. Die gedagte is dat daar ‘n nouer band tussen inwoners van die betrokke area/blok (en onderafdelings) sal wees en mettertyd tussen almal in die oord.

“Ons is een groot familie wat bewus behoort te wees van mekaar se fisiese en emosionele behoeftes en met deernis teenoor mekaar optree.

“Ons sal saam met u as areabestuurder/blokleier poog om oë en ore van die inwoners te wees wat sal oplet na waar dinge nie reg is nie soos iets wat stukkend of verkeerd is en aandag benodig. So iets word onmiddellik skriftelik aan die kantoor gerapporteer en aangeteken. Waar nodig sal ons as skakel die spreekbuis van die area-inwoners wees en behoeftes en vrae onder die kantoor se aandag bring.

“Die wedersydse skakeling behoort redelik informeel en spontaan te wees waar die areabestuurder/blokleier die mense sal leer ken en op een of ander manier kommunikasie bewerkstellig. Die betrokke Direkteur sal in voeling bly met areabestuurders en gedagtes uitruil soos die projek vorder.”

Trivia: Wie het geweet?

Die volgende huisnommers bestaan nie:

241, 242, 248, 254, 260, 266

Dat daar 298 huise en 238 woonstelle is

Totale getal eenhede: 536

Dat die onderverdeling soos volg is:

Drieslaapkamerhuise: 125

Tweeslaapkamerhuise: 172

Eenslaapkamerhuise: 1

Tweeslaapkamerwoonstelle: 134

Eenslaapkamerwoonstelle: 92

Enkelwoonstelle (studios): 12

Sorgsentrumbeddens: 20

KOMPETISIE

Voorstelle word ingewag vir:
23 straatname vir die oord
Wenprys: R300 se elektrisiteit

Vyf name vir toegeboude stoepe
Wenprys: Gratis ete en koffie/tee vir twee mense in Perk Up koffiewinkel

Naam vir parkie
Wenprys: Cuppaccino en koek vir twee in Perk Up

Sluitingsdatum: 31 Augustus 2019

Pryse moet benut word in September 2019
Die beslissing van die beoordelaars is